

24

KERSFEES Rolspel

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die ouers en kinders moet iets van Kersfees as Christusfees ervaar deur deel te neem aan die rolspel.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders en ouers moet –

- weet dat Kersfees 'n Christusfees is.
- die geboorteverhaal beter leer ken deur aan die rolspel deel te neem.

Gesindheid

Die kinders en ouers moet dankbaar wees oor Kersfees se betekenis vir hulle.

Vaardigheid

Die kinders en ouers moet –

- aan die rolspel deelneem.
- betrokke raak by die gemeente se Kersfeesbedrywighede.

MEER INLIGTING

Die rolspel word volledig aangebied by IETS INTERESSANT en kan net so gebruik word.

AANBIEDING

Jy het nodig

Alles wat nodig gaan wees vir die rolspel – kyk by IETS INTERESSANT.

KOM ONS BEGIN

Die kategeet of een van die ouers open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

Verlede week is alle onthouaktiwiteite vir die jaar afgehandel.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Herinner die kinders daaraan dat dit binnekort Kersfees gaan wees. Met Kersfees herdenk ons die geboorte van Jesus. Verduidelik wat 'n rolspel is en dat julle vandag die Kersverhaal in 'n rolspel gaan speel.

IETS INTERESSANT

- Die karakters is reeds tydens Les 21 aangewys. Vind uit of hulle op hul gemak is.
- Kry die lokaal reg vir die rolspel.
- As party van julle mekaar nie weer hierdie jaar gaan sien nie, wens mekaar 'n geseënde Kersfees toe.

Rolspel

Daar is 5 karakters in hierdie rolspel en hul rolle moet vooraf geoefen word.

**Karakters: Sarie (dogter); Pieter (seun); Natasha (klein dogtertjie);
Mamma (klein dogtertjie se mamma); Boswerker**

Sarie: *(Huil en is baie hartseer.)*

Pieter: Sarie, wat is fout? Hoekom is jou hart so seer?

Sarie: Want my pa en ma is nie meer lief vir my nie.

Pieter: Hoekom sê jy so?

Sarie: Want hulle wil nie vir my 'n nuwe Barbie-pop vir Kersfees gee nie.

Pieter: Maar jou ouers hoef mos nie vir jou 'n pop te gee om te wys dat hulle lief is vir jou nie. En Kersfees gaan nie oor die gee van duur en mooi geskenke nie.

Sarie: Ek weet dit gaan oor Baba Jesus en ons gee geskenke vir mekaar uit blydskap omdat Hy vir ons gebore is. (*Begin weer van voor af huil.*) Maar as my pa en ma ook baie bly is oor Baba Jesus, dan moet hulle vir my 'n baie groot geskenk soos 'n nuwe Barbie koop.

Pieter: Sarie, jy is sommer nou net baie ondankbaar en ek dink nie jy weet regtig wat Baba Jesus se geboorte vir jou beteken nie.

Sarie: Nou wat beteken dit regtig?

Pieter: Baba Jesus is gebore sodat ons kan weet hoe lief God vir ons is.

Sarie: Haai, is dit waarom die engele so gesing het en die skaapwagters dadelik na Jesus wou gaan kyk?

Pieter: Ja, Hy was mos 'n koning.

Sarie: En daarom het die wyse manne vir Baba Jesus... Wat het hulle nou weer vir Baba Jesus gevat? Ja, hulle het vir Hom geskenke... (*Sarie begin weer van voor af te huil.*) Maar ek wil baie graag 'n nuwe Barbie-pop hê!

Pieter: Ai, Sarie. Jy is erger as 'n klein baba. Kom ek vertel vir jou 'n verhaal. Dalk sal jy dan nie meer so graag die pop wil hê nie... Ver, ver in Rusland, in 'n houthuisie, woon Natasha. Vroeg in die oggend, wanneer die nagtegaal in die denneboom sing, word sy wakker.

Natasha: Dit is 'n mooi dag. Dit is 'n sonskyndag. As my haartjies gevleg is en my voorskootjie is vas, hardloop ek agter die vlinders aan oor die sagte gras. Ek pluk papawers en koringblomme en vlas en ek vleg die mooiste kransie van sterretjiegras! La-la, la-la, la-la.

Mamma: Natasha, daar is nie papawers en vlasblomme nie. Dis mos winter. Môre is dit Kersfees.

Natasha: Kersfees! Kersfees! Dan gaan die klokke lui en die mense gaan mooi aantrek en kerk toe gaan, want Jesus is vir ons gebore. Kan ek nuwe steweltjies en 'n hondjie kry vir Kersfees, Mamma?

Mamma: Ai, my stroopsoet dogtertjie. Daar sal nie hierdie jaar 'n Kersgeskenkie vir jou wees nie, want ons het nie geld nie. Maar vannag, as die Kersfeesster skyn en ons onthou van Baba Jesus, kry ons almal genoeg blydskap om ons die hele jaar gelukkig te hou.

Pieter: Natasha sit op die groot plat klip by die put. Sy skop-skop die sagte sneeu met haar steweltjie. Skielik val daar 'n yslike skaduwee oor haar...

Sarie: Wat, 'n reuse ysbeer wat haar wou opeet?

Pieter: Nee man, Natasha sien 'n yslike hond staan.

Natasha: My Kersgeskenk! My eie Kersgeskenk! Kom saam met my. Kom ons gaan huis toe.

Pieter: Natasha en die groot hond speel die hele dag tot dit donker word. En weet jy wat gebeur...

Sarie: Nee, nee, vertel my asseblief!

Pieter: Hulle verdwaal. Natasha se mamma en al die boswerkers soek en roep na haar. Al wat hulle kry, is die emmertjie by die put. Buite in die yskoue nag soek die boswerkers nog na Natasha.

Mamma: My arme klein dogtertjie. Here, sal U haar asseblief veilig hou in hierdie donker en koue nag?

Boswerker: Hier is sy. Hier is die dogtertjie. Ek het haar gekry. Kom julle! Kom help gou! Die dogtertjie het sekerlik verkluum. Sy was die hele nag buite in die sneeu!

Sarie: Aggenee, dit is verskriklik!

Pieter: Weet jy waar is Natasha? Hulle sien net 'n groot hond. Hy lag vriendelik met sy oop, rooi bek.

Mamma: Kyk net hierdie wollerige groot hond. Hy het my dogtertjie se lewe gered. Hy het haar die hele nag warm gehou met sy sagte pels. Dankie, Here, dit is die grootste Kersgeskenk ooit!

Natasha: Bring asseblief my hond saam.

Pieter: Die groot hond staan op. Hy verstaan vir Natasha. Hy skud die sneeu uit sy dik hare en draf saam.

Mamma: Ek is so vreeslik bly. Kom, Natasha, ek maak jou warm in jou bedjie toe. Kom, liewe hond. Ek gaan vir jou 'n bakkie warm sop inskep en dan kan jy voor die vuurherd op 'n kombes lê.

Pieter: Buite is die Kersnag stil. Net Natasha is nog wakker. Sy staan in die deur en kyk na die groot hond wat voor die vuurherd lê.

Natasha: My sneeuhond. Vir Kersfees kry ek 'n spierwit sneeuhond. Mōre hardloop ons oral rond... La-la, la-la, la-la...

Sarie: (*Snik weer.*) Ek huil sommer vir die lekkerte. Dit was só mooi! En het sy en die sneeuhond vir altyd en altyd gelukkig gebly?

Pieter: Ja! Maar dit is eintlik maar net 'n storie om jou 'n bietjie te laat dink. Sarie, dink jy nie jy is eintlik ondankbaar nie? Dink net aan al die dinge wat die Here vir jou gee. En al is jy arm, of siek of klein of wat ook al, Jesus is ook vir jou gebore. Jesus het jou lief. Hy beskerm jou. Dit behoort jou hart die blyste te maak. Nie duur geskenke nie.

Sarie: Ek verstaan nou dat daar dinge is wat baie belangriker is as poppe en geskenke. En eintlik moet Kersfees ons nie aan die presente wat ons kry, laat dink nie. Ons behoort te dink aan God se groot geskenk vir ons. Dat Jesus na die wêreld gekom het om vir ons God se liefde te wys en ons God se kinders te maak. Moet dit nie vir ons die heel belangrikste wees nie? En natuurlik ook ons medemens. En weet jy wat, Pieter? Ek's eintlik die gelukkigste kind omdat my pappa en mamma lief is vir my, en die belangrikste, Jesus is BAIE lief vir my. Hy is ook lief vir julle almal. Dit maak ons harte bly!

Sarie: Kom ons almal sing nou lekker saam, anders gaan ek dié mooi lied sommer vir ons lees:

*Kom, kinders, besing met 'n vrolike stem
die wonder van God in die stad Betlehem,
want daar is die Heiland gebore, dié nag,
die hoop van die wêreld, deur eeue verwag.*

Pieter: Kom ons bid nou almal saam. Hemelse Vader, baie dankie vir die heel grootste van alle presente: Jesus wat na ons toe gekom het om vir ons God se liefde te kom wys. Dankie dat ons nou weer u kinders kan wees. Dankie dat U al ons sonde vergewe. Jesus, baie dankie dat u geboorte my so gelukkig maak. Help my asseblief hierdie Kersfees om ander mense ook gelukkig te maak. Amen.

(Sneehond-storie verwerk uit: *Die Sneehond* van Jean Geldenhuys, 1981)